

# Die Lewende Kerk



## Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 1 Mei 2016*

### **Baie Welkom by ons Erediens!**

[www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

### **Erediens**

Vandag se erediens word gelei deur pastor Gordon Calmeyer.

### **Omgee:**

- Hendrik Fritz is in Garden City hospitaal na 'n operasie en sy toestand het wonderbaarlik verbeter.
- Cara Palmer (dogter van Martiens en Hannelie) is nou al vir 'n tydlang siek en baie verswak.
- Chatye Rensburg is met borskanker gediagnoseer.
- Jannie en Ina Coetzee was verlede Maandag 57 jaar getroud. Baie geluk!
- Ferdie en Marie van der Merwe was Vrydag 38 jaar getroud. Baie geluk!

### **Offergawes:**

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

### **Afkondigings:**

- Geen aanddiens vanaand nie weens die langnaweek.

- **Hemelvaart-erediens** DV Donderdagaand (5 Mei) om 19:00 in ons kerkgebou.
- Ons volgende **Oorwinnaarsnaweek** word beplan vir **20-22 Mei** by Bergbron. Besprekings kan by ds Stephan gedoen word.
- Die **begrafnisdienegroep** het 7 van hul wit tafeldoeke teruggekry, maar geen appelkooskleur overlays nie. Johanna de Klerk sê dankie en die plan is om die overlays te vervang. Donasies om materiaal aan te koop is welkom.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – **vandag** is daar geen tee nie (langnaweek) en op 8 Mei is dit Groep 3, Sue, Elize en Kinnie se beurt.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

## **Gebed:**

### **Om die liggaam reg te ruk: (Teks: Efesiërs 4:11-16)**

Vir die kerk het Jesus spesiale mense toegerus. Hy het priesters, profete, evangeliste, herders en leraars vir hierdie taak toegerus. Hulle taak: 12 Hierdie mense, met die spesiale gawes wat hulle gekry het, werk saam om die gemeente te help en voor te berei om hulle werk as Christene in die wêreld goed te kan doen.

En die resultaat: **13 Op dié manier sal die liggaam van Christus sterk word en kan wees wat dit behoort te wees. So sal ons al hoe nader aan mekaar beweeg en al hoe meer 'n eenheid vorm. Saam sal ons die Seun van God beter leer ken en meer op Hom vertrou. Dan sal ons soos geestelike grootmense word, so volwasse in ons geestelike lewe soos Christus self. 14 Ons sal nie meer soos klein kindertjies onseker wees oor wat van ons verwag word nie. Ons sal nie soos 'n skip wees wat deur die golwe rondgeslinger word of deur die een wind hiernatoe en die ander wind daarnatoe gedryf word nie. Net so sal ons nie na elke nuwe godsdienstige praatjie op die mark luister nie. Mense probeer jou net met allerhande slimghede om die bos lei om jou so op die verkeerde pad te laat beland. Maar hulle sal dit nie regkry nie. Ons sal in liefde lojaal teenoor mekaar en net op die pad van die waarheid bly. 15 Ons verhouding met Jesus sal in alles net sterker word. Ons, as die liggaam, sal al hoe meer van Christus afhanklik wees, want Hy is mos die kop van die liggaam..**

Ek wil kliphard skree: *NO WAYS!* NEE! As ek so om my kyk, is dit presies NIE die prentjie wat ek sien nie.

Die kerk is allermens sterk. Eintlik lyk dit swak met geen of bitter min

impak in die wêreld. Mense beweeg verder uitmekaar en van eenheid is daar maar bitter min sprake. Ek weet nie of die kerk die mense regtig help om Jesus beter te leer ken nie. Wel, dit lyk nie of die mense hulle broer Jesus ken nie. Vir seker lyk die mense se dae nie soos volwasse kinders van God s'n behoort te lyk nie. Hulle tree meer op soos babatjies...

Sodra die eerste windjie begin spoed optel, skarrel die mense rond en dit lyk asof hulle geloof plat val. Daar word van die een prediker na die ander gehardloop en almal wonder wie is nou eintlik reg. En sonder dat hulle dit besef, beland hulle op die verkeerde pad. Lojaal? Nie meer nie, jammer, want eintlik is daar deesdae meer as een waarheid...

In skaamte laat sak ek my kop en ek wonder hoe sterk is ons verhouding nou regtig met Jesus. Ja, Jesus is die kop, maar ons as liggaam van Christus val uitmekaar. Ons lewe nie 'n lewe wat 100% afhanklik is van God nie, maar eerder van mammon. En ek weet baie pastore, priesters en profete sal wil sê dis nie so erg nie.

Ek dink ons moet 'n slag erken dat die prentjie wat Paulus hierbo van die kerk het, nie dieselfde prentjie is wat ons vandag van die kerk het nie.

Waar lê die fout?

Nie by die kop van die liggaam nie, want dit is Jesus. Dan vermoed ek die fout lê êrens by die liggaam. Dit liggaam lyk nie lekker nie. En wie is die liggaam? Ek en jy. Ons maak saam die liggaam. Daarom kan ons geen vinger na ander wys nie.

**So moet dit lyk: 16 Die liggaam is mooi aanmekaargesit, elke deel op sy plek, sodat elke liggaamsdeel sy eie werk doen en die ander liggaamsdele help. So groei die liggaam en word dit sterk omdat die verskillende liggaamsdele in liefde en lojaliteit mekaar help.**

Gaan dink 'n bietjie mooi na aan jou rol in die kerk. Gaan doen jy jou stukkie, want as ons elkeen net ons eie stukkie doen, sal Jesus se liggaam, die kerk anders lyk. Ons sal lyk soos Jesus se prentjie van die kerk.

**Teks:**

Efesiërs 4:11-16

**Om oor na te dink**

Wat is jou aandeel in die liggaam van Christus?

Doen jy dit?

Waar kan jy begin?

**Gebed**

Vader, hoeveel anders kan U liggaam hier op aarde nie lyk as elkeen net sy deel doen nie. Ek weet dat ek nie my deel doen nie. Help my om te doen soos wat U van ons elkeen verwag om te doen. Mag U liggaam lyk soos U prentjie daarvan. Amen

*Oorgeneem van Kruispad deur Gerjo Ben*

# Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

03/05 BERT SORGDRAGER

083 627 2184

011 472 2180

05/05 SOPHIE STRYDOM

072 230 3138

011 051 6278

## Mag die Here jou oorvloedig seën

### Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan(011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

### Baie dankie

- Baie dankie aan die lidmate wat help met die oop- en toesluit van die kerkgebou en saal, veral tydens die week, terwyl Oom Hendrik siek is. Sê asseblief vir Pieter de Klerk as jy 'n handjie kan bysit hiermee. Neels, Arnold, Arthur, Pieter en Carel – ons waardeer!
- Baie dankie aan Neels Beyleveldt se regterhand, Mandla, wat die kerkterrein weer die afgelope week deeglik opgeruim het.



### Bergbron besonderhede

**Bergbron webwerf:** [www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,  
[stephan@bergbron.org.za](mailto:stephan@bergbron.org.za)

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, [vernonfor.vf@gmail.com](mailto:vernonfor.vf@gmail.com)

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 0835379770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

**Bankbesonderhede:** Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

**[kantoor@bergbron.org.za](mailto:kantoor@bergbron.org.za)**

**Diakens:** kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

**Ouderlinge:** Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.